

Die opstel van 'n eksamenvraestel volgens Barrett se denkvlakke

Deur: Marelize Swanepoel, Hoërskool Roodepoort

Ek het reeds vroeg in die tweede kwartaal besluit om die opstel van my vraestelle anders te benader. Jy sien, gewoonlik het ek myself onder enorme druk geplaas en al my vraestelle oor 'n naweek probeer opstel. Die gevolg was dikwels 'n afgerammelde vraestel wat sleg deurgeloopt het tydens die modereringsproses by die skool. My rooi gesig was beslis my verdiende loon. Agternaperspektief is 'n wonderlike ding; die probleem is egter dat dit te laat kom.

Tog moet ek bieg dat ek nie hierdie keer met 'n rooi gesig gesit het nie. Hierdie keer is my agternaperspektief heel insiggewend. Ek het besef hoe baie ek die opstelproses geniet en dat ek aansienlik trotser was op die eindprodukt. Dit was 'n aangename uitdaging om gepaste tekste vir my vraestelle te soek. Die gevolg was 'n tema wat vanaf Afdeling A deurgetrek kon word. My benadering gaan aan die hand van my graad 8 Huistaal- en Eerste Addisionele Taalvraestelle verduidelik word:

- Graad 8 HT
Tema: Eksperimente – Experi-Maatjies en Nadia en die Funky eksperiment
- Graad 8 EAT
Tema: Monster-goggas van Koos Kombuis

Die soektog na die regte tekste is belangrik, maar hierdie keer het ek nie daar begin nie. Hierdie keer het ek met my spreekwoordelike berg begin: Barrett se denkvlakke. Groot was my verbasing toe ek besef dat ek hierdie Barrett-berg eintlik maklik klim. My grootste fout was om altyd eers my vrae uit te werk en dan te kyk watter denkvlakke hulle was. Ek het uiteindelik besef dat Barrett se plek nie aan die einde van die proses hoort nie, maar eerder een van die eerste stappe moet wees. Ek was genoodsaak om my benadering te verander. Ek moes teruggaan en my beplanning hersien.

Ek preek dikwels oor die belangrikheid van beplanning wanneer my leerders skryfopdragte aanpak ... en daar gaan staan en vergeet ek my eie preek. Ek dink nie almal besef hoeveel beplanning en wêrk in 'n opgestelde vraestel ingaan nie. Dis om hierdie rede dat daar vir jou gelag word as jy nie kan wag om 'n opgestelde vraestel te merk nie. Wie word nou opgewonde om begrip-, taal- en letterkunde-vraestelle te merk?

Beide vraestelle het my afsonderlik sewe dae geneem om te finaliseer, dis nou moderering uitgesluit. Hierdie veertien dae was nie sielsdodend nie. Ek het uitgesien na elke stap wat ek tydens hierdie opstelproses gevolg het.

Daarom nou die doel van hierdie artikel: watter beplanning nodig is om 'n goeie vraestel op te stel waarin Barrett nie net 'n nagedagte is nie. Elke stap sal later in meer detail hanteer word. Hier volg die stappe wat ek gevolg het:

- Stap 1: Raadpleeg jou KABV-dokument en interne riglyne ten opsigte van vraestelvereistes.
- Stap 2: Bepaal hoeveel vrae vir elke denkvlak in elke afdeling opgestel moet word.
- Stap 3: Spoor nodige tekste op vir elke afdeling wat 'n teks vereis.
- Stap 4: Stel 'n vraagbank op vir elke denkvlak wat vereis word.
- Stap 5: Kies nou die beste vrae uit jou vraagbank om die puntetelling op te maak.

Stap 1: Raadpleeg bronne vir vraestelvereistes

Ons het die volgende vraestelriglyne (Van Niekerk, 2016) by ons departementshoof ontvang ten opsigte van graad 8-vraestelle:

Graad 8 HT + EAT	2 uur elk		
Afdeling A	→	20 punte	→ Begrip
Afdeling B	→	30 punte	→ Taal
Afdeling C	→	30 punte	→ Letterkunde

$$80 \div 2 = 40 \text{ punte op puntetaal}$$

Die volgende riglyne is in die KABV-dokument (Onderwys, 2011) vervat:

Vraestel 2-formaat	2 uur		
Leesbegripstoets	→	15	} Maak 30% uit van Taak 6 totaal.
Taal in konteks	→	15	
Kritiese reaksie op letterkunde	→	10	

Stap 2: Hoeveelheid en opdeling van Barrett se denkvlakke per afdeling

Ons is van 'n Barrett-uitdeeltuk (Anon., 2011) voorsien. Die dokument bevat 'n "formule" vir die opdeling van denkvlakke per groototaal. Ek het van die volgende verdelings gebruik gemaak:

20 punte-groototaal	30 punte-groototaal
8 punte – vlakke 1 en 2	12 punte – vlakke 1 en 2
8 punte – vlak 3	12 punte – vlak 3
4 punte – vlakke 4 en 5	6 punte – vlakke 4 en 5



Huistaal en EAT

Toepassing:

Afdeling A	Vrae is tussen 'n prosateks en 'n visuele teks opgedeel.		
	20 punte		
	Vraag 1	Vraag 2	
	4 punte – vlakke 1 en 2 4 punte – vlak 3 2 punte – vlakke 4 en 5	4 punte – vlakke 1 en 2 4 punte – vlak 3 2 punte – vlakke 4 en 5	
	Die opdeling word as 'n basiese riglyn binne hierdie afdeling gebruik. Solank die opdeling van die denkvlakke ooreenstem met die groototaalindeling.		
Afdeling B	Vrae is opgedeel tussen drie tekste. Vrae word op woord- en sinvlak getoets. Woordvlakvrae word binne die konteks van die teks gevra.		
	30 punte		
	Die volgende riglyne is tydens 'n opleidingsessie by Hoërskool Pearson gegee. Dit het betrekking op Afdeling B se tekste:		
	Kort prosateks	Visuele teks	Langer prosateks
Afdeling C	Vrae is opgedeel tussen poësie (twee gedigte) en prosa (twee stukke).		
	30 punte	Poësie (15 punte)	Prosa (15 punte)
	12 punte – vlakke 1 en 2 12 punte – vlak 3 6 punte – vlakke 4 en 5	6 punte 6 punte 3 punte	6 punte 6 punte 3 punte

Stap 3: Opspoor van die tekste

Hierdie stap het my die langste besig gehou. Daar is baie faktore wat by die keuse van 'n teks in ag geneem moet word:

- Die KABV-dokument verskaf riglyne ten opsigte van die lengte van die tekste wat vir begripsvaardighede gebruik mag word.
Senior fase (Onderwys, 2011):
Graad 8 HT → Leesbegrip/soekleestekste (400 – 450 woorde) Senior fase (Onderwys, 2011):
Graad 8 EAT → Leesbegrip/soekleestekste (350 – 400 woorde)
- Watter tipe teks gaan gekies word?
Hier het ek my laat lei deur die eksamenriglyne wat aan die einde van 2015 gedeel is (Pieterse, 2015). Hierdie riglyne is nou wel van toepassing op graad 12's, maar dis 'n goeie standaard om leerders aan gewoond te maak.
Graad 12 HT (twee tekste)
Teks 1 is 'n prosateks en teks 2 is 'n visuele of grafiese teks.

- c) Inhoud: Waaroor sal dié tekste handel?
Hierdie kwessie het my vir ure besig gehou. Ons is geneig om tekste te kies wat vir ons interessant is. Hierdie keuse het 'n direkte invloed op die moeilikheidsgraad, leesbaarheid en verwysingsraamwerk benodig om die teks te verstaan. Daarom het ek gekies om my tekste volgens 'n voorafbepaalde tema te kies. Dit is maar net so, leerders vaar gemiddeld beter in vraestelle waar die tekste hul belangstelling prikkel en tot hul spreek.

Graad 8 HT: Experi-Maatjies en Nadia en die Funky eksperiment
Ek kon keuses tussen die volgende tipes tekste uitoefen: pamflet, boekomslag, werksaanbodadvertensies, flikskermskote, boekresensies, ens.

Graad 8 EAT: Monster-goggas van Koos Kombuis
Ek kon keuses tussen die volgende tipes tekste uitoefen: resensies, uittreksels uit die boek, boekwinkelkatalogusse, Facebook-plasings, Facebook-lusmakers, ens.

- d) Die teks se moeilikheidsgraad en leesbaarheidsgraad moet nagegaan word sodat dit op die leerders se vlak is. Daar bestaan algoritmes (ondersoeke na teksdigtheid) om die leesbaarheid van 'n teks te toets. Klinkende taal (http://acc.webweergawe.klinkendetaal.nl/users/sign_in/#) is 'n aanlyn lisensiegedrewe program wat hulp by die skryf van leesbare tekste verskaf.

Die moeilikheidsgraad word veral in ag geneem wanneer die teks vir die toets van taalstrukture gebruik word. Die teks moet so gekies word dat die werk wat in die kwartaal gedek is, uit die teks getoets kan word. As die teks te maklik is, gaan die taal wat getoets word te eenvoudig wees. As die gekose teks te moeilik is, gaan die taal wat getoets word te ingewikkeld wees. Hoe dan gemaak as jy steeds die betrokke teks wil gebruik? Herskryf die teks of verwerk die inhoud.

Die opsporing van die perfekte teks kan met die beplanning van 'n opstel vergelyk word. Wanneer die opstelbeplanning korrek voltooi word, is 80% van jou werk gedoen. Met die regte tekste gaan jy nie sukkel om vrae vir jou vraestel op te stel nie.

Stap 4: Stel 'n vraagbank op vir elke denkvlak

Hierdie stap is van toepassing op Afdelings A en C. Die doel is om die tekste vier keer deur te werk:

- Die eerste lees van die teks word gedoen om 'n oorsig van die inhoud te kry en seker te maak dat daar geen onduidelikhede in die teks voorkom nie.
- Die tweede lees van die teks is om vrae vir Barrett se eerste twee denkvlakke op te stel.
- Die derde lees van die teks is om vrae vir Barrett se derde denkvlak op te stel.
- Die vierde lees van die teks is om vrae vir Barrett se vierde en vyfde denkvlakke op te stel.

Die idee is om alle moontlike vrae vir 'n betrokke denkvlak uit die teks op te stel. Dit is belangrik dat al vyf Barrett se denkvlakke verteenwoordig word.

Ons departementshoof het ons van 'n Barrett-uitdeelstuk voorsien. Hierdie uitdeelstuk bevat sleutelwoorde, vraagtipes en moontlike bewoording van vrae. Elke onderwyser in ons departement het en moet hierdie dokument gebruik wanneer begripsvrae vir formele assesserings opgestel word.

Dui die betrokke denkvlak en punttoekenning by elke opgestelde vraag aan. Wanneer ons 'n vraestel saamstel, word daar van ons verwag om die denkvlakke en punttoekenning van elke afdeling in 'n tabel aan te dui. Tydens moderering word hierdie uiteensetting nagegaan vir akkuraatheid.

Huistaal en EAT

Daar is egter 'n kinkel in hierdie kabel: dit is amper onmoontlik om hierdie vrae korrek op te stel as jy nie in besit is van die korrekte hulpbronne of begrip van Barrett se denkvlakke nie. Hier volg 'n kort opsomming van die basiese beginsels van Barrett se denkvlakke wat ek geleer het onder leiding van my departementshoof:

- a) Daar bestaan so iets soos 'n goeie en 'n slegte Barrettbron. Die bron wat ons gebruik se skrywer is onbekend. Die skrywer het twee navorsingsbronne geraadpleeg, naamlik: Alcantara, R.D. Et al. 2003. *Teaching strategies (for the teaching of the communication arts: listening, speaking, reading and writing.)* Phillipine. Louis Fridge. 1999. *Focus on comprehension – Teachers Resources Books 1+2*. Thomas Nelson & Sons Ltd. Cheltenham.
- b) Vrae oor 'n leesstuk, selfs tydens 'n klasbespreking of luistertoets en natuurlik veral in 'n toets of eksamen, moet Barrett se denkvlakke in die volgende verhouding dek:

Barrett se denkvlakke	10 punte	20 punte	30 punte	35 punte
Vlakke 1 en 2	4/10	8/20	12/30	14/35
Vlak 3	4/10	8/20	12/30	14/35
Vlakke 4 en 5	2/10	4/20	6/30	7/35

- c) Vlak 1: Letterlike begrip
Feite en antwoorde staan duidelik in die teks. Leerders kan die antwoorde met behulp van soeklees opspoor.
- d) Vlak 2: Herorganiseer
Inligting wat duidelik in die teks gelees kan word, moet op 'n ander manier aangebied word. Die skryf van 'n opsomming in graad 9-12 is 'n goeie voorbeeld van 'n vlak 2-vraag. Daar word van leerders verwag om gegewe inligting in hul eie woorde oor te dra, verskille en ooreenkomste uit te lig of inligting te lys.
- e) Vlak 3: Afleiding
Leerders moet reageer op inligting wat nie direk in die leesstuk genoem word nie. Daar word van die leerders verwag om self afleidings te maak oor geïmpliseerde betekenis. Hierdie vlak is moeiliker omdat leerders oor die vermoë moet beskik om "tussen die lyne te kan lees". Leerders met beperkte verwysingsraamwerk of algemene kennis is geneig om te sukkel met hierdie denkvlak.
- f) Vlak 4: Evaluering
Leerders moet elemente in die teks beoordeel. Daar word van leerders verwag om te beoordeel of 'n element realiteit of fantasie, feit of 'n mening is. Die geldigheid van 'n stelling moet ook oorweeg word. Enige vrae wat van leerders vereis om taalkundige kommentaar te lewer, val binne hierdie vlak. Soos met vlak 3 lê die moeilikheidsvlak daarin dat leerders hul evaluering moet kan motiveer deur na voorbeelde in die teks te verwys.
- g) Vlak 5: Waardering
Leerders se persoonlike respons/reaksie word hier vereis. Emosionele reaksie, die identifisering met die inhoud en geslaagdheid van beelde word gevra, maar met relevante motiverings. Wat hierdie vraag so moeilik maak, is dat hedendaagse tieners nie in staat is om inhoudspesifieke opinies te lewer nie.

Stap 5: Kies nou die beste vrae uit die vraagbank om jou puntetelling op te maak.

Nou begin die pret. Hersien die notas wat tydens stap 2 geneem is. Maak seker dat die vraagkeuses elk van die vyf denkvlakke verteenwoordig. Die gekose vrae moet in die chronologiese volgorde van die teks gerangskik word. Barrett word slegs gebruik om alle denkvlakke te dek, maar word nie volgens hierdie vlakke gerangskik nie.

Samevatting

Kom ons vergelyk weer eens die opstel van eksamenvraestelle met die skryf van 'n opstel:

Skryf van 'n opstel	Opstel van 'n vraestel
Beplanning	Stap 1 – 5
Eerste poging	Eerste weergawe van die vraestel
Redigering	Moderering van die vraestel
Finale skryfstuk	Geredigeerde vraestel wat reg is vir druk.

Barrett se denkvlakke is nie 'n onklimbare berg nie. Wanneer die nodige beplanning vooraf deeglik aangepak en voltooi word, verander hierdie berg vinnig in 'n molshoop. Nie net sal jy die opstelproses meer geniet nie, jy sal ook ongelooflik opgewonde wees vir jou kinders om jou vraestel te skryf. Vra my, ek weet. Tydens die Junie-eksamen het my kollegas gedink ek was van my lotjie getik.

Ek is 'n Afrikaansonderwyser met ondervinding in die intermediêre, senior en VVO-fase. Ek is totaal versot op Afrikaans, maar my ware passie lê by Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Dit is my doel om gratis hulpbronne beskikbaar te stel aan enige persoon wat Afrikaans onderrig of wil leer. My webwerf, Juffrou Marelize Swanepoel (www.swanies.co.za), dien dan as platform om hierdie doel te bereik.

Bibliografie

C, v. N., 2016. *Interne vergaderingnotule van Departement Afrikaans*. -:-

Onbekend, n.d. *Barrett-uitdeeltuk*. s.l.:s.n.

Onderwys, D. v. B., 2011. *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (NKV). Eerste addisionele taal. Senior fase Grade 7-9*. s.l.:s.n.

Onderwys, D. v. B., 2011. *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (NKV). Huistaal. Senior fase Grade 7-9*. s.l.:s.n.

Onderwys, D. v. B., 2015. *Taalarsenaal*. [Aanlyn]. Beskikbaar by:

Beskikbaar by:

<http://taalarsenaal.yolasite.com/resources/EKSAMENRIGLYNE%202015%20Afr%20HT%20II.docx>
[Geraadpleeg 2016].